

16 Februarie

**Skrifgedeelte: Johannes 10:22-42**

**Fokusgedeelte: Johannes 10:34-36**

### **Die Woord kan nie verander word nie!**

Johannes 10 is in verskeie opsigte 'n aangrypende hoofstuk in die Skrif. Ons lees onder andere hier van die ewige troos dat *niemand* ons uit Christus se hand kan ruk nie (Joh. 10:28). Te midde van die debat tussen die Jode en ons Here Jesus lees ons egter ook van 'n uiters belangrike Skrifbeginsel: Die Skrif kan nie verander word nie.

Nadat ons Here Jesus op versoek van die Jode erken dat Hy en die Vader één is, tel hulle klippe op om Hom te stenig. Volgens hulle maak Hy Homself skuldig aan godslastering – 'n gewone mens wat Homself as God voordoen – en op grond van God se Woord moet Hy gestenig word (Lev. 24:15-16).

Hoe antwoord ons Here Jesus hulle? Ook Hy gryp terug na God se Woord! In Psalm 82:6 noem God hulle wat Hy aangestel het om regspraak te lewer, “gode”. En hierby voeg ons Here Jesus die belangrike Skrifbeginsel wat die Jode geglo het en wat ons vandag steeds glo: “deur die Vader afgesonder en na die wêreld toe gestuur” (Joh. 10:36). Hy praat dus nie godslasterlik deur te sê dat Hy die Seun van God is nie! Hiermee het ons Here Jesus die Jode se monde gesnoer ...

Vandag nog geld die troosryke Skrifbeginsel: die Skrif kan nie verander word nie. Die Skrif se woorde is onherroepbaar, bly altyd geldig en van krag, en kan nie ongedaan gemaak word nie (vgl. Matt. 5:17) – eenvoudig omdat die *hele* Skrif deur God geïnspireer is (2 Tim. 3:16). Die Skrif bly vir alle tye God se Woord ... Loof God Drie-enig vir die genade om dit te kan weet en glo!

Sing: Psalm 12:6 (Totius)

Ds. AJ Coetsee (Uitschot)